Teologiese impak van die roepingsverklaring

Danie Mouton

Die Algemene Sinode van 2007 van die NG Kerk verteenwoordig 'n enorme skuif in ons verstaan van God en die identiteit en die roeping van die kerk. Indien 'n mens die ouderdom en samestelling van die afgevaardigdes in gedagte hou (oorwegend mans, hoofsaaklik middeljarig en ouer), is die skuif verstommend.

Daar is 'n paar kante aan hierdie skuif wat 'n mens vanuit die roepingsverklaring kan toelig en selfs verklaar.

Teologie as geloofsonderskeiding

Teologie het nog altyd die deurslag in die NG Kerk gegee. Ons verstaan van die Calvinisties-Gereformeerde teologie, het vir dekades die wese, identiteit en roeping van die kerk bepaal.

Natuurlik moet teologie (letterlik ons woorde of belydenis oor God) die kerklike praktyk begelei. Die probleem was dat 'n gefikseerde teologie ons dikwels blind gemaak het vir die uitdagings en nood van die konteks. Dit was asof ons oogklappe gehad het, en nie die moontlikhede vir die kerklike strukture en bedieninge kon raaksien nie omdat dit nie by ons raamwerke ingepas het nie.

Die roepingsverklaring van 2002 het ons bewus gemaak van ons konteks. Skielik het ons begin praat van Afrika, van die nood en pyn van Afrika, van die genesing van Afrika.

Binne hierdie raamwerk word teologie 'n geloofsonderskeidende aktiwiteit. Met 'n helder verstaan van wie God is en wie ons is, met die Bybel in die een hand en die konteks in die ander, kan ons biddend begin vra: Waarheen roep en stuur die Here ons?

Dit is presies wat die Hervormers in die sestiende eeu gedoen het. Calvyn se *Institusie* is 'n voorbeeld hiervan. Die kerk fouteer as ons die sestiende-eeuse insigte van die Hervormers sonder meer in ons tyd wil toepas, sonder om ons verantwoordelikheid tot geloofsonderskeiding na te kom. Té lank het gereformeerde teologie hierdie benouende, verlammende en stagnerende rol in die NG Kerk gespeel.

Verstaan van God verbreed

Meer as enigiets anders, het die roepingsverklaring van 2002 ons gehelp om nuwe kante van God raak te sien. Ek het in die kerk grootgeword met die idee dat God kwaad is vir die wêreld. Hy is ver van die sondige wêreld, 'n heilige God wat nooit sy hande met die dinge van hierdie wêreld sal vuilmaak nie.

Natuurlik is God heilig. Maar die roepingsverklaring getuig van 'n deernisvolle God wat aktief in die wêreld betrokke is. Hierdie God, 'n fontein van sturende liefde (David Bosch), roep ons om saam met Hom by sy werk in die wêreld aan te sluit.

Die behoefte om dié God deur praktiese diens aan die medemens te verheerlik, het oor die afgelope vyf jaar ongelooflik sterk in die NG Kerk gegroei. 'n Mens beleef oral dat mense hulleself met gefokusde energie aan diegene in nood gee. Dit is deelname aan die missie van God self: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle. Ontvang die Heilige Gees ..."

'n Skuif in mensbeskouing

Die besondere klem wat ménse in die sinode geniet het, en die impak van besluite op hulle, dui op 'n teologiese skuif in die NG Kerk.

Die Reformasie oordeel baie negatief oor die mens: Die beeld van God is verduister in die mens,

en die mens is tot niks goeds in staat nie. Hierdie mensbeeld dink primêr vanuit die sondeval.

'n Roepingsteologie dink ongetwyfeld méér trinitaries oor menswees. Dit was duidelik in die debatte tydens die sinode. Mense kan medewerkers van God wees op grond van God se werk in ons deur skepping, verlossing en bemagtiging tot gehoorsaamheid. Die waardigheid van mense, die uitskakel van lyding en ongeregtigheid, die hoor van ander se noodkrete en daadwerklike hulpverlening, het 'n beslissende rol in verskeie besluite gespeel, veral ook die kompromisbesluit oor homoseksualiteit.

Hierdie skuif is die direkte gevolg van 'n roepingsbesef wat ons help om ons medemens raak te sien. 'n Mens sien God in die gesig van jou naaste. Jy hoor God as jy na ander luister. Om jou roeping onder mense wat genesing nodig het te begin uitvoer, is met ander woorde nie vir die teologie 'n neutrale saak nie.

Let ook daarop dat die roepingsverklaring die nood van mense nie bloot in terme van hulle indiwiduele sonde beskryf nie. Ons herken nood nou óók in gebrokenheid, ontmagtiging, marginalisering en in slagofferskap. Ons herken nou ook gebrek, boosheid en sonde as kragte wat in sisteme en samelewings nesskop. Ons verstaan nou ook verlossing in terme van die oorwinning van verwoestende kragte soos misdaad, geweld en ongebreidelde kapitalisme.

In die gesprek oor homoseksualiteit is die kerk selfs as een van die magte en owerhede beskryf wat besluite kan neem met 'n geweldige negatiewe impak op veral gemarginaliseerde mense, soos vroue. Dit verteenwoordig 'n skuif van formaat!

Beter in staat om kompleksiteit te hanteer

Die gesprek oor homoseksualitet is enersyds gedryf deur die behoefte om aan tydlose beginsels vas te hou. Hoe graag ons ook al deernisvol met mense rekening wil hou, die Skriftuurlike waarheid gee die deurslag.

Andersyds het die debat 'n tweede, nuwe motief na vore gebring: die waarde en waardigheid van elke indiwidu in die oë van God. In die kompromisbesluit is die liefde van God trinitaries begrond, en as die enigste grondhouding in die kerk geneem. Identifikasie met die lot van gemarginaliseerdes is belangrik. Die gelykwaardigheid van mense is beklemtoon.

Hierdie tweede motief het nog nooit só helder en bepalend in die NG Kerk gefunksioneer nie. Dit is bevrydend, want dit kan veel groter kompleksiteit en diversiteit hanteer as die rasionele formulering van beginsels waarmee ons vantevore bly vasval het. Dit bied 'n legitieme, evangeliese uitkoms uit die dilemma: "Hoe kies mens tussen die Bybel en jou familie?", soos 'n vroulike afgevaardigde oor homoseksualiteit gevra het.

In hierdie proses het die waardes wat die roepingsverklaring onderskryf, 'n beslissende rol gespeel.

Gom

Die roepingsverklaring is in 2007 grondig hersien en verbind aan die waardes van die Seisoen van Luister. In 'n kerk wat deur soveel kragte uitmekaargeskeur kan word, is my gebed dat 'n fokus op ons gemeenskaplike roeping in Afrika ons soos goeie gom hegter aan God en mekaar sal bind.

● ***Danie Mouton*** *is een van die predikante van die NG Gemeente PE Hoogland in Port Elizabeth en skriba van die Sinode van Oos-Kaapland. Skryf gerus in vir sy gereelde eNuus by skriba@ngkok.org vir Oos-Kaaplandse nuus en vars teologiese perspektiewe.*

'Die roepingsverklaring van 2002 het ons bewus gemaak van ons konteks. Skielik het ons begin praat van Afrika, van die nood en pyn van Afrika, van die genesing van Afrika.'

'Die roepingsverklaring is in 2007 grondig hersien en verbind aan die waardes van die Seisoen van Luister. In 'n kerk wat deur soveel kragte uitmekaargeskeur kan word, is my gebed dat 'n fokus op ons gemeenskaplike roeping in Afrika ons soos goeie gom hegter aan God en mekaar sal bind.'